

Christelike hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika: 'n Dokument-analise

Dr. Morne Diedericks

morne.diedericks@aros.ac.za

Prof. Charl Wolhuter

charl.wolhuter@gmail.com

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

Pretoria

Opsomming

Hierdie artikel ondersoek die stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika, met 'n spesifieke fokus op instellings wat programme buite die veld van Teologie aanbied. Die navorsingsvraag is gerig op die identifisering van tendense en uitdagings binne hierdie konteks. Om hierdie vraag te beantwoord, maak die studie gebruik van 'n dokumentanalise van die agtergrond en konteks van Christelike hoër onderwys, gekombineer met 'n dokumentanalise van privaat hoër onderwysinstellings in Suid-Afrika tussen 2009 en 2022. Die twee hoofdatastelle is verkry uit die registers van die Departement van Hoër Onderwys vir die genoemde tydperk, aangevul deur data uit die Departement se Argief.

Die data is ontleed volgens die tipe instellings (winsgewend, niewinsgewend, voorlopig of volledig geregistreer), hul geloofsoriëntasie (sekulêr, Christelik of Islamities), en die kwalifikasietipes wat hulle aanbied. Programklassifikasie is verder verfyn deur gebruik te maak van die Classification of Educational Subject Matter (CESM)-indeling. Spesiale aandag is gegee aan Christelike hoër onderwysinstellings (CHI's) wat programme buite Filosofie, Godsdiens en Teologie (CESM 17) aanbied. Die resultate toon 'n beduidende groei in Christelike instellings binne die privaat sektor, veral in Besigheids-, Ekonomiese-

Bestuurstudie en Opvoedkunde, terwyl daar 'n afname in tradisionele Teologiese programme waargeneem word. Afrikaans-Christelike instellings het ook aansienlike groei getoon. Die opkomende instellings bied potensiaal vir verdere ontwikkeling in Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika.

Abstract

This article examines the state of Christian higher education in South Africa, specifically focusing on institutions offering programs outside the field of Theology. The research question aims to identify trends and challenges within this context. The article analyses data from 2009 to 2022 and identifies a significant growth in Christian higher education institutions, especially within the private sector. However, the growth is not as pronounced as that of secular institutions. A closer look at Christian institutions reveals a decrease in institutions within the Philosophy, Religion, and Theology group, whereas, in contrast, there is a notable increase in Business, Economics, Management Studies and Education. Furthermore, it is noteworthy that Afrikaans-Christian higher education institutions have grown substantially from 2009 to 2022. The emerging Christian institutions, especially within the private sector, present potential opportunities for further growth and development within Christian higher education in South Africa.

The data was analyzed based on the type of institutions (for-profit, non-profit, provisionally or fully registered), their faith orientation (secular, Christian, or Islamic), and the types of qualifications they offer. Program classification was further refined using the Classification of Educational Subject Matter (CESM) framework. Special attention was given to Christian higher education institutions (CHIs) offering programs outside of Philosophy, Religion, and Theology (CESM 17). The results indicate significant growth in Christian institutions within the private sector, particularly in Business, Economics, and Management Studies as well as Education, while a decline in traditional Theological programs was observed. Afrikaans-Christian institutions have also shown considerable growth. These emerging institutions present potential for further development in Christian higher education in South Africa.

Trefwoorde

Christelike hoëronderwysinstellings; privaat hoëronderwysinstellings; Christelike wetenskap; teologiese skole; universiteite in Suid-Afrika

Keywords

Christian higher education institutions; Christian scholarship; private higher education institutions; theological schools; universities in South Africa

1. Inleiding

Die afgelope eeu het Christelike hoër onderwys dwarsoor die wêreld geweldige groei getoon. Een van die kerngroeipunte van Christelike hoër onderwys was in Afrika (Van der Walt, 2010:111). "Worldwide, the center of Christianity presently is shifting from the North and the West to the South and the East. This also applies to Africa. Statistics indicate an unprecedented, astounding growth in the numbers of Christians. Two decades ago, it was estimated that Africa might become the Christian continent of the twenty first century" (Van der Walt, 2002:200). In 2023 het die International Network for Christian Higher Education (INCHE) 'n Afrika-projek onder Christelike hoëronderwysinstellings in Afrika geloods waar daar op die bemagtiging van Christendosente by Christelike hoëronderwysinstellings (CHI's) gefokus is (INCHE, 2023). In die lig van die voorspelde demografiese groei in die aantal Christene in Afrika blyk dit dat Afrika 'n belangrike rol in die Christelike hoëronderwyslandskap in die volgende paar jaar kan speel (Diedericks, 2019:5).

'n Algemene persepsie is dat CHI met die opleiding van Christelike predikante of pastore te doen het, dus met die aanbieding van Christelike Teologie (Van der Walt, 2010:125). "A holistic Christian approach to all the sciences is indeed a rare phenomenon on our continent. In South Africa, when one mentions the idea of Christian scholarship, most people do not understand. They usually interpret it as a theological perspective on some secular discipline, for example, theological economics, theological ethics, theological ecology, and so on – mere Christian icing on a secular cake!" (Van der Walt, 2002:205). Dit is egter nodig om daarop te let dat CHI nie slegs die aanbieding van Christelike Teologie omvat nie. Inteendeel, die heersende vraag binne Christelike hoëronderwysnavorsing is eerder die volgende: Wat is die stand van CHI waar vakrigtings buite die veld van Christelike Teologie aangebied word? (Glanzer, Alleman & Ream, 2017:33; Diedericks, 2019:5).

Benne (2001:46) het byvoorbeeld van 'n klassifiseringsmodel gebruik gemaak waarin hy na ses prominente CHI's in Noord-Amerika gekyk het. Die instellings bied 'n wye verskeidenheid vakrigtings aan, en hulle benader hierdie vakrigtings vanuit 'n Christelik-wetenskaplike oogpunt. Glanzer, Carpenter & Lantinga (2011:729) het CHI's in die kontinente Afrika, Noord- en Suid-Asië, Europa, Suid-Amerika, die Midde-Ooste en Oseanië geklassifiseer. Hy het die instellings geklassifiseer volgens instellings wat meer as drie fakulteite het. Sy klassifisering is dus doelbewus gedoen om Christelike instellings uit te sluit wat tipies as slegs teologiese skole bekendstaan. Hierdie klassifisering wil nie die belangrikheid van teologiese skole en die ontwikkeling van Teologie as wetenskap ondermy nie, maar eerder slegs klem op die belangrikheid van Christelike wetenskapsontwikkeling in ander velde buite die Teologie plaas. Teen hierdie agtergrond is die navorsingsvraag van hierdie artikel: Wat is die stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika, met spesifieke fokus op Christelike hoëronderwysinstellings wat programme buite die veld van Teologie aanbied?

2. Metodologie

Om die navorsingsvraag te beantwoord, is daar in hierdie artikel 'n dokumentanalise ten opsigte van die agtergrond en konteks van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika gedoen. Die navorsing volg 'n kwalitatiewe navorsingsontwerp met die gebruik van dokumentanalise as primêre metode. Voor die dokumentanalise word 'n agtergrond gebied wat aandui waarom 'n dokumentanalise van privaat hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika nodig is om CHI in Suid-Afrika beter te begryp. Twee datastelle is vir die Dokumentanalise gebruik. Die twee datastelle was die 2009 (11 Desember) en 2022 (25 November) se registers van privaat hoër onderwys in Suid-Afrika van die Departement van Hoër Onderwys (DHOO).¹

Die Dokumentanalise is uitgevoer deur die Tematiese Dokumentanalise metode te gebruik, wat die identifisering, organisering en interpretasie van temas binne die data behels. Hierdie metode is toepaslik aangesien dit die navorser in staat gestel het om spesifieke tendense en uitdagings binne CHI's te identifiseer. Die analise van die data is volgens die aard van die instellings gedoen, wat insluit of die instellings niewinsgewende of winsgewende instellings of vol geregistreerde of voorlopig geregistreerde instellings is.

1 Die rede waarom die 2009-datastel gebruik is, is omdat dit die mees vergelykbare datastel bevat, wat by die Departement van Hoër Onderwys se argief beskikbaar is. Verder is 2022 as datastel gebruik omdat dit die nuuste opgedateerde weergawe was van die *Private Register* tot op die datum van die skryf van die artikel.

Daar is ook hier na die geloofsoriëntasie van die instellings gekyk. Die geloofsoriëntasie van die instellings is bepaal volgens die wyse waarop die gelyste instellings hulself op hul webblaaie voorgestel het; dus is daar gekyk na hoe die instellings hulself klassifiseer. Vanuit die geloofsoriëntasie van die instellings het daar drie kategorieë duidelik geword, naamlik, sekulêre instellings (instellings wat geen opmerkings oor hul geloofsoriëntasie maak nie), Christelike instellings en Islamitiese instellings. Met betrekking hier toe is dit nodig om daarop te let dat verwysings na Christelike hoër onderwys in hierdie artikel na hoéronderwysinstellings verwys wat in hul doel, visie en missie hulself as Christelike instellings beskryf.

Die programme van die instellings is volgens die kwalifikasietype binne die Tematiese analyse geanaliseer wat die instelling aanbied. Daar is tien verskillende kwalifikasietypes geïdentifiseer, naamlik: Gevorderde Sertifikaat, Gevorderde Diploma, Baccalaureusgraad, Diploma, Hoër Sertifikaat, Honneursgraad, Meestersgraad, Philosophiae Doctor (PhD), Nagraadse Sertifikaat en Nagraadse Diploma. Met die oog op die navorsingsvraag van hierdie artikel is daar meer in die besonder na die CHI-programme in Suid-Afrika gekyk. Die programme in die geïdentifiseerde CHI's in Suid-Afrika is verder volgens die verskillende *Classification of Educational Subject Matter*-indelings (CESM-indelings) (2008) geklassifiseer. Die CESM-indeling bestaan uit 20 hoofkategorieë, naamlik: CESM 01: Landbou, Landboubedrywighede en Verwante Wetenskappe; CESM 02: Argitektuur en die Bou-omgewing; CESM 03: Visuele en Uitvoerende Kunste; CESM 04: Besigheids-, Ekonomiese- en Bestuurstudie; CESM 05: Kommunikasie, Joernalistiek en Verwante Studies; CESM 06: Rekenaar- en Inligtingswetenskappe; CESM 07: Opvoedkunde; CESM 08: Ingenieurswese; CESM 09: Gesondheidsberoep en Verwante Kliniese Wetenskappe; CESM 10: Gesinsekologie en Verbruikerswetenskappe; CESM 11: Tale, Linguistiek en Letterkunde; CESM 12: Regte; CESM 13: Lewenswetenskappe; CESM 14: Fisiiese Wetenskappe; CESM 15: Wiskunde en Statistiek; CESM 16: Krygswetenskappe; CESM 17: Filosofie, Godsdienst en Teologie; CESM 18: Sielkunde; CESM 19: Openbare Bestuur en Dienste; en CESM 20: Sosiale Wetenskappe.

Die navorsingsvraag het spesifiek betrekking op CHI's wat programme buite die veld van Teologie aanbied. Juis hierom was daar in die Dokumentanalise spesifiek op Christelike instellings gefokus wat buite die CESM 17-groep naamlik Filosofie, Godsdienst en Teologie val. Die doel was om te bepaal watter Christelike instellings programme buite die veld van Teologie aanbied, asook in watter tipe kwalifikasies en CESM-groepe hierdie programme gekategoriseer word.

3. Agtergrond tot die huidige stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika

In 2002 het Van der Walt voorgestel dat 'n Afrika-instituut vir Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika gestig moet word. Hy voer die volgende redes aan waarom die instituut in Suid-Afrika gestig moet word: "I propose that this Center/Institute be established and registered (as a nonprofit organization) in South Africa, because South Africa (1) has the greatest concentration of people involved in Christian higher education, compared to the rest of Africa, (2) can provide the necessary infrastructure, (3) may be in the best position to acquire extra funding from the private sector, and (4) is now open to the rest of Africa and the world at large. People from outside South Africa, with whom I have discussed the idea, agree with me" (Van der Walt, 2002:217).

Net meer as twintig jaar later is 'n vorm van 'n Afrika-instituut vir Christelike hoër onderwys in die vorm van International Network for Christian Higher Education Africa (INCHE Africa) gestig. Die hoofkwartiere is egter nie in Suid-Afrika nie, maar wel in Kenia. Van der Walt (2002:219) verwys na drie Christelike hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika waar "the vision for Christian higher education, has already taken root", naamlik Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Universiteit van die Vrystaat en Helderberg-instituut vir Christelike Hoër Onderwys. Van die drie instellings is dit slegs die Helderberg-instituut vir Christelike Hoër Onderwys as privaat instelling wat steeds hulself as Christelik beskou. Waar Suid-Afrika eers as die sentrum van Christelike hoër onderwys beskou is, is dit vandag nie meer die geval nie. In hierdie opsig is dit nodig om te vra: Wat het tot hierdie verval in Christelike hoër onderwys gelei?

Daar was 'n baie nou verbondenheid tussen die Suid-Afrikaanse universiteite in die vroeë 1900's en Nederlandse universiteite weens die historiese verband tussen die Afrikaners en die Nederlanders. Dit verklaar waarom die universiteitsidee van onder andere die Christen-teoloog en staatsman Abraham Kuyper na tradisioneel Afrikaanse universiteite soos die Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van die Vrystaat, Universiteit van Pretoria en veral die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) oorgespoel het. In 1935 skryf Stoker (1935:5) byvoorbeeld waardevolle gedagtes oor die redes waarom die PU vir CHO 'n Christelike universiteit wil wees. Ter opsomming voer Stoker (1935:6) aan: "Ons het op die vraag: Waarom wil die P.U.K. vir C.H.O. 'n Christelike universiteit wees? verskillende antwoorde gegee. Die laaste antwoord is: Omdat die oprigters en ondersteuners hulle deur hulle geloof en in hul gewete verplig weet om vir die eer van God op alle terrein van die lewe en ook op universitêre en

wetenskaplike gebied, asook tot heil van die volk, en tot nakoming van die doopbelofte, 'n Christelike universiteit op te rig en in stand te hou."

Die PU vir CHO het 'n prominente rol as baken vir Christelike universiteite in Suid-Afrika maar ook die wêreld begin speel. Dordt College (vandag bekend as Dordt University) het die PU vir CHO as 'n modeluniversiteit vir Christelike hoër onderwys beskou; gevvolglik het hulle gepoog om baie goeie bande met die PU vir CHO te smee (Van den Bosch, 1990:125). Die PU vir CHO het die voortou in die stigting van die International Association for the Promotion of Christian Higher Education (IAPCHE) geneem. Vandag staan hierdie vereniging as International Network for Christian Higher Education (INCHE) bekend. Verder het Christelike akademici by die PU vir CHO ook waardige pogings aangewend om die Christelike karakter van die PU vir CHO oor die verloop van jare te behou (Van der Walt, 2014:14).

Van der Walt (2014:14) beskryf die PU vir CHO as 'n standvastige instelling wat nie bloot net 'n onbetroubare (*fly-by-night*) Christelike instelling was nie. Dit was 'n instelling wat 'n lang geskiedenis het, met 'n groot fokus op integrale Christelike wetenskapsbeoefening.

Ander hoëronderwysinstellings wat ook in Suid-Afrika vanuit 'n Christelike oogpunt begin is, sluit instellings in wat uit sendingpogings begin is. Hier onder val byvoorbeeld Fort Hare-Universiteit in die Oos-Kaap. Skotse Reformatoriese sendelinge het in 1916 hierdie universiteit gestig, met die leuse van Psalm 36:10: "In U lig sien ons die lig" (Van der Walt, 2014:31). Hierdie universiteite het later, inlyn met 'n internasionale tendens onder openbare universiteite in baie lande, as deel van 'n aanpassingsproses by nuwe kontekstuele realiteite en imperatiewe gesekulariseer (Van der Walt, 2014:32).

Suid-Afrika het 26 openbare universiteite, en hulle is oor al nege provinsies van Suid-Afrika versprei. Elke provinsie het ten minste een universiteit, met Mpumalanga en die Noord-Kaap-provinsie wat in 2014 en 2015 hul eie instellings bekom het. Die provinsies wat die drie belangrikste metropolitaanse sentrums huisves – naamlik KwaZulu-Natal, Gauteng en die Wes-Kaap – is die tuiste van die grootste aantal universiteite.

Deur die definisie van wat as 'n Christelike universiteit beskou word (in die metodologie) te gebruik, word dit duidelik dat geen van die 26 openbare universiteite as Christelike universiteite beskou word nie. Daar is wel steeds 'n aantal Christelike dosente aan die universiteit wat ook Christelike artikels in Christelik-vakwetenskaplike vaktydskrifte publiseer, soos wat Claasen (2024:20) duidelik aantoon. Coletto (2010:9) verduidelik egter dat

'n Hoëronderwysinstelling nie bloot Christelik is as sy dosente Christene is nie. Verder is 'n hoëronderwysinstelling ook nie Christelik as sommige godsdiensstige modules by die "normale" lys van modules gevoeg word nie. 'n Christelike universiteit moet 'n Christelike kurrikulum implementeer, Christelike bestuur bevorder en help om Christelike akademici deur middel van doelgerigte befondsing te ontwikkel. Volgens Theron (2013:5) sal dit nie moontlik wees om 'n openbare Christelike universiteit in Suid-Afrika te vestig nie. Theron (2013:5) stel verder dat "Christene private Christelike instellings moet begin om studente te help om 'n brug tussen hul geloof en hul daaglikslewe te bou".

Die probleem is egter dat 'n "bankruptcy of ideas" binne Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika begin ontstaan het, soos deur Van der Walt (2014:39) beskryf. Verder toon Diedericks (2019:2) aan dat daar tot dusver min navorsing oor die status van private hoër onderwys in Suid-Afrika en selfs minder oor Christelike hoër onderwys gedoen is. Die rede hiervoor is omdat Christelike privaat hoër onderwys in Suid-Afrika steeds in sy kinderskoene met betrekking tot navorsing is. Hoewel verskillende teologiese skole oor die dekades onder verskillende kerkgroepering of sendingorganisasies tot stand gekom het, is daar relatief min instellings wat tot die ontwikkeling van kwalifikasies buite die veld van Teologie oorgegaan het. Twee instellings wat wel belangrik is om uit te lig, is Helderberg College en Hugenote Kollege.

Hugenote Kollege is 'n samestelling van drie verskillende opleidings, naamlik die Hugenote- Teologiese Skool, die Sendingsinstituut en Friedenheim. Die Hugenote- Teologiese Skool is in 1874 deur die bekende teoloog Andrew Murray (Duff, 2006:10) begin. Helderberg College (eers bekend as Claremont Union College) is in 1893 deur die Sewendedagadventiste-Christelike denominasie gestig (Sparrow, 2021). Ná meer as 130 jaar van bestaan is beide die Hugenote Kollege en Helderberg College steeds uitgesproke Christelike privaat hoëronderwysinstellings. Anders as die Christelike hoëronderwysinstellings wat in openbare instellings omgeskakel is, het die twee instellings Christelik gebly – dit te midde van talle politieke omwentelinge. 'n Studie oor wat tot die behoud van die Christelike karakter in hierdie instellings bygedra het, behoort van waarde vir verdere navorsing oor Christelike hoër onderwys te wees.

Suid-Afrika is in 2010 as die land in Afrika geïdentifiseer wat verreweg die grootste navorsingsuitsette het (Adams *et al.*, 2010:10). Voorts het Suid-Afrika ook die beste universiteite in terme van wêreldranglyste. Volgens die 2022 Elsevier Scopus-index, publiseer Suid-Afrikaanse universiteite meer as 50% van alle navorsingspublikasies uit Afrika, wat die land se

sterk akademiese kapasiteit beklemtoon (Scopus, 2022). Suid-Afrikaanse universiteite verwerf ook 'n hoë ranglys posisie op internasionale platforms soos die QS World University Rankings, met instellings soos die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van die Witwatersrand wat gereeld in die top 200 verskyn (QS, 2023). Hierdie gehalte-hoëonderwysopleiding in Suid-Afrika in vergelyking met die res van Afrika dra moontlik tot die remming van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika by. Vir 'n privaat hoëonderwysinstelling om in Suid-Afrika te ontwikkel, moet hulle met talle sterke openbare instellings kompeteer. Privaat instellings se inkomste is in meeste gevalle slegs beperk tot studentefondse, waar openbare instellings ook staatsubsidies ontvang. Vir privaat instellings om dus dieselfde gehalteopleiding as openbare instellings te bied, verg talle innovasie.

Die staatsverval in Suid-Afrika (Duvenhage, 2023:805), wat ook 'n effek op openbare hoër onderwys in Suid-Afrika het, het wel geleentheid vir groei in privaat hoër onderwys in Suid-Afrika gebied. Hierdie groei is duidelik sigbaar in die aantal privaat instellings wat oor die afgelope twee dekades tot stand gekom het. In 1998 (Reddy, 2004:29) was daar slegs 44 privaat instellings, terwyl daar in 2022 137 privaat instellings was. Dit is binne hierdie venster waar Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika ook moontlik verder kan ontwikkel.

Vanuit Suid-Afrika se demografiese en politieke samestelling is die toekoms van Christelike hoër onderwys slegs moontlik binne privaat hoër onderwys. Hierdie verskynsel is wel nie uniek in die wêrld nie. Glanzer (2017:24) meld byvoorbeeld dat "Christian higher education institutions prosper in countries that allow a large degree of privatization, as in Brazil, India, Indonesia, Japan, Korea, and the United States, while they are virtually non-existent in countries with very little by way of private universities, such as Austria, New Zealand, and the United Kingdom". Teen hierdie agtergrond word daar verder na die huidige stand van Christelike instellings binne die konteks van privaat hoëonderwysinstellings gekyk.

4. Dokumentanalise: Privaat hoëonderwysinstellings


Deur die dokumentanalise word die dinamika van Christelike privaat hoëonderwysinstellings in Suid-Afrika tussen 2009 en 2022 ondersoek. Deur middel van dokumentanalise word drie sleuteltemas in meer besonder bespreek. Eerstens, die groei en verhoudings van privaat hoëonderwysinstellings in Suid-Afrika, met spesifieke fokus op die rol en bydrae van Christelike instellings. Tweedens, die programontwikkeling binne

hierdie instellings, insluitend die toename in geakkrediteerde programme en die impak op die Christelike identiteit van die instellings. Laastens, die verspreiding van programme volgens die *Classification of Educational Subject Matter* (CESM) groepe en die rol van nie-teologiese programme in die breër konteks van geloofsgebaseerde onderwys. Deur hierdie temas te bespreek, beoog die studie om nie net die unieke uitdagings en geleenthede van Christelike hoëronderwys in Suid-Afrika te identifiseer nie, maar ook insigte te bied oor hoe hierdie instellings op nasionale en internasionale vlak kan meeding en uitbrei.

4.1 *Christelike instellings binne die konteks van privaat hoër onderwys in Suid-Afrika*


In Figuur 1: *Privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking)*, word 'n vergelyking gestel tussen verskillende basiese datastelle tussen verskillende privaat hoëronderwysinstelling in 2009 en 2022 (DHET, 2009 en 2022). Die datastelle sluit in 'n vergelyking tussen die totale instellings in 2009 en 2022, instellings wat geregistreer is as winsgewende maatskappye, Nie-winsgewende instellings, Sekulêre instellings, Islam-instellings, alle privaat Christelike hoëronderwysinstellings. Verder word die Christelike instellings ook verdeel tussen voorlopig geregistreerde instellings, dit is Christelike instellings wat nog nie volle akkreditasie vanaf die Raad op Hoërondewys asook die Departement van hoërondewys ontvang het nie, omdat hulle nog eers aan sekere voorwaardes moet voldoen (DHET, 2009:27, 2022:108), asook Christelike instellings wat volledige geregistreer is (DHET, 2009:8, 2022:10). Figuur 2: 2009: *Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings vergelyking* asook Figuur 3: 2022: *Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings vergelyking*, bied bloot 'n waardevolle visuele voorstelling van die verhouding en verhoudingsverandering tussen Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings in die verloop van 2009-2022.

Privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking)




Figuur 1: Privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking)

2009 Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings: vergelyking



Figuur 2: 2009: Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings - vergelyking

2022 Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings:...



Figuur 3: 2022: Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings - vergelyking

Vanuit hierdie data vergelyking kan die volgende afleidings gemaak word: Vanaf 2009-2022 was daar 'n stetige toename van 27% in privaat hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika. Waar daar in 2009 99 privaat hoëronderwysinstellings was, was daar aan die einde van 2022 137 geregistreerde privaat hoëronderwysinstellings. In aansluiting hierby meld Eloff (2017) onder andere dat dit duidelik raak dat Privaat instellings al hoe meer 'n belangrike rol in Suid-Afrika se hoëronderwys mark gaan speel.


Ten opsigte van Christelike hoëronderwysinstellings was daar in 2009 21 geregistreerde Christelike instellings en in 2022 26 geregistreerde Christelike instellings. In vergelyking hiermee was daar in 2009 77 geregistreerde sekulêre instellings en in 2022 109 geregistreerde sekulêre instellings. Die verhouding tussen die aantal Christelike en sekulêre privaat hoëronderwysinstellings het dus in 2009 vanaf 22%-78% na 20%-80% in 2022 geskuif. Van die 21 Christelike instellings wat in 2009 bestaan het, was daar drie instellings wat nie meer in 2022 bestaan het nie. Daar het egter in die 2009-2022-tydperk agt nuwe Christelike instellings tot stand gekom. (Soos daar later aangetoon sal word, het hierdie agt instellings 'n beduidende bydrae tot die aanbod vir Christelike instellings en programme in Suid-Afrika gelewer.) Twee Islamitiese instellings is in die Wes Kaap in die 2009-2022-tydperk gestig, naamlik die International Peace College South Africa MSW (DHET, 2022:122) en die Madina Institute MSW (DHET, 2022:125).

Privaat hoér onderwys se maatskappyopstelling in Suid-Afrika word in twee groepe verdeel, naamlik niewinsgewende maatskappye en winsgewende maatskappye. In 2009 was 30% van die privaat hoëronderwysinstellings niewinsgewende maatskappye en 70% was winsgewende maatskappye. In 2022 het hierdie verhouding egter anders gelyk, aangesien 28% van die privaat hoëronderwysinstellings niewinsgewende maatskappye was, terwyl 72% winsgewende maatskappye was. Alle geregistreerde Christelike instellings in Suid Afrika is niewinsgewende maatskappye, terwyl slegs 10% van die geregistreerde sekulêre instellings niewinsgewende maatskappye is. Binne hierdie konteks stel Diedericks (2019:3) die vraag of daar nie ook ruimte is vir modelle wat winsgewende Christelike instellings ondersteun nie.

4.2 Programme van Christelike instellings binne die konteks van privaat hoér onderwys in Suid-Afrika


In Figuur 4: Kwalifikasies in privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking), word 'n vergelyking gebied tussen die hoeveelheid kwalifikasies wat daar onderskeidelik in die jare 2009 en 2022 geakkrediteer was binne

Privaat hoëronderwysinstellings. Behalwe vir die totale programme wat vergelyk is, is die kwalifikasies in meer besonderhede verdeel deur 'n vergelyking te maak tussen 'n verskeidenheid van kwalifikasies wat insluit: Nagraadse diploma, Nagraadse sertifikaat, Doktorsgrade, Meestersgrade, Honneursgrade, Hoër sertifikate, Diploma, Baccalaureusgrade, Gevorderde diplomas en Gevorderde sertifikate. In Figuur 5: Kwalifikasies in Christelike privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking) is dieselfde vergelyking gedoen, maar in die figuur word die Christelike instellings se kwalifikasie verspreiding voorgestel. In Figuur 6: 2009: *Die persentasie Christelike programme teenoor die totale hoeveelheid programme in Suid-Afrika* en Figuur 7: 2022: *Die persentasie Christelike programme teenoor die totale hoeveelheid programme in Suid-Afrika*, word 'n visuele voorstelling gebied van die persentasie verdeling tussen die totale aantal geakkrediteerde programme wat in Privaat hoëronderwys instellings in Suid-Afrika aangebied word teenoor die hoeveelheid programme wat in Christelike hoëronderwys instellings aangebied word. Tabel 1: *Toptien-privaat hoëronderwysinstellings wat die grootste aanbod van programme bied*, bied 'n verdere uitbreidings op die vergelyking wat in Figuur 6 en 7 voorgestel is.



Figuur 4: Kwalifikasies in privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking)

Kwalifikasies in Christelike privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking)




Figuur 5: Kwalifikasies in Christelike privaat hoëronderwysinstellings (2009-2022: vergelyking)

2009: Die persentasie Christelike programme teenoor die totale hoeveelheid programme in Suid-Afrika



Figuur 6: 2009: Die persentasie Christelike programme teenoor die totale hoeveelheid programme in Suid-Afrika

2022: Die persentasie Christelike programme teenoor die totale hoeveelheid programme in Suid-Afrika



Figuur 7: 2022: Die persentasie Christelike programme teenoor die totale hoeveelheid programme in Suid-Afrika

Tabel 1: Toptien- privaat hoëronderwysinstellings wat die grootste aanbod van programme bied

Toptien- privaat hoëronderwysinstellings wat die grootste aanbod van programme bied	Geloof	MSW/ Edms Bpk	Aantal programme
The Independent Institute of Education Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	137
MANCOSA Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	54
Stadio Edms Bpk Previously Embury Institute for Higher Education Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	53
Regent Business School Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	32
Eduvos Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	27
Richfield Graduate Institute of Technology Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	24
Boston City Campus Edms Bpk (Previously Boston City Campus and Business College Edms Bpk)	Sekulêr	Edms Bpk	23
Akademia MSW	Christelik	MSW	22
Lyceum College Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	22
Milpark Education Edms Bpk	Sekulêr	Edms Bpk	22

Vanuit hierdie data vergelyking kan die volgende afleidings gemaak word: Die mees opmerklike verandering in privaat hoër onderwys tussen 2009-2022 was die toename van geakkrediteerde programme. Met 'n toename van 52% was daar 495 meer programme in 2022 as in 2009 geregistreer. In 2009 was daar 'n totaal van 451 programme binne alle privaat hoëronderwysinstellings wat in Suid-Afrika geregistreer was. Hier was die statistieke soos volg: 40% was diplomaprogramme, 21,3% was baccalaureusgrade en 21,5% was hoër sertifikate. Hoewel daar 'n toename in al die verskillende kwalifikasies (behalwe vir die afnames in diplomas) was, was daar 'n merkwaardige toename in nagraadse kwalifikasies. Daar was 45 addisionele honneursprogramme, 17 meestersgrade, 10 doktorsgrade, 15 nagraadse sertifikate en 38 nagraadse diplomas. Hierdie statistieke dien as bewys dat daar 'n duidelike verdieping

in privaat hoër onderwys in die 2009-2022-tydperk plaasgevind het. In 'n 2012-2021 analyse vanaf die Departement van hoëronderwys aangaande die stand van PhD-grade in Privaat Hoëronderwys instellings, word dit bevestig dat daar 'n stelselmatige toename aan nagraadse kwalifikasies in Privaat hoëronderwys is (DHET, 2023:3).

Van die 451 geregistreerde programme in 2009 was 16% daarvan deur Christelike instellings geregistreer. 'n Opmerklike verandering was die afname in die verhouding tussen Christelike programme en die totale programme wat tussen die 2009-2022-tydperk geregistreer was. Vanaf die 16% in 2009 het Christelike programme tot 12% in 2022 gedaal.

Hoewel die verhouding van programme in Christelike instellings teenoor die totale programme gedaal het wat geregistreer was, was daar wel 'n toename van 39 programme in Christelike instellings tussen die 2009-2022-tydperk. Die grootste groei in kwalifikasies binne Christelike instellings het by baccalaureusgrade geskied, met 'n 12.6%-toename en 'n 6.7%-toename in honneursprogramme.


Sedert 2009 is daar 80 nuwe programme binne Christelike instellings geregistreer, maar in dié tydperk het daar ook 41 programme verval. Van die 85 geregistreerde programme in 2009 was daar slegs 44 wat nog in 2022 geregistreer was (DHET, 2022). Teologiese opleidingsinstellings was die Christelike instellings waarop daar die meeste druk uitgeoefen is. Van die 21 geregistreerde Christelike instellings in 2009 was 18 instellings teologiese opleidingsinstellings (DHET, 2009). Die 18 teologiese opleidingsinstellings het in 2009 altesaam 56 programme aangebied. In 2022 het die teologiese opleidingsinstellings tussen hulle slegs 38 programme aangebied. Die 18 teologiese opleidingsinstellings het altesaam slegs vier programme tussen 2009-2022 addisioneel geakkrediteer, maar hulle het in totaal 20 programme verloor. Dit is duideik vanuit die data dat teologiese opleidingsinstellings geweldige druk ervaar ten opsigte van volhoubaarheid en hierdie druk op volhoubaarheid van teologiese opleidingsinstellings word deur Hadebe (2017:4) in meer besonderhede bespreek.

Die instellings wat egter nie as teologiese opleidingsinstellings geklassifiseer word nie maar wat wel as Christelike instellings bekendstaan, bied 'n baie positiewer beeld. Ná 2009 het daar tien nuwe Christelike instellings tot stand


gekom. Tussen die 10 nuwe Christelike instellings is daar 53 nuwe programme geakkrediteer. Van die tien nuwe Christelike instellings is ses teologiese opleidings- en vier Christelike instellings wat programme buite Teologie as studieveld aanbied. Die vier Christelike instellings wat programme buite die teologiese programme aanbied, het tussen hulle 31 nuwe programme geakkrediteer. Vyf instellings naamlik Akademia, St. Augustine College of South Africa, Cornerstone Institute, Helderberg College of Higher Education en Theological Education by Extension College bied 50% van die aanbod van programme binne Christelike instellings aan. In hierdie groep staan Akademia as die instelling met die wydste aanbod van programme binne Christelike instellings uit, met byna 20% van die aanbod. Akademia is ook die enigste Christelike asook nie-winsgewende instelling wat binne die toptien-privaat hoëronderwysinstellings met die grootse aanbod van programme val.

4.3 *Christelike privaat hoëronderwysinstellings se programme volgens die Classification of Educational Subject Matter (CESM)*


Om te bepaal binne watter vakgebiede die verskillende programme van Christelike instellings aangebied word, is daar van die CESM- (*Classification of Educational Subject Matter*, 2008) indeling gebruik gemaak. Die CESM-indeling bestaan uit 20 hoofkategorisering, soos in die bostaande metodologie-afdeling gemeld. In Figuur 8: *Christelike privaat hoëronderwysinstellings se programme volgens die CESM-groepe (2009-2022)* word die totale aantal programme binne Christelike privaat hoëronderwysinstellings in die jare 2009 en 2022 onderskeidelik vergelyk, saam met 'n uiteensetting van die verskillende CESM-groepe waarin die programme val. In Figure 9 en 10 word 'n visuele voorstelling gebied van die Christelike instellings se CESM-groepe verdeling wat buite CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie vir die jare 2009 en 2022 val. Laastens lys Tabel 2 die Christelike instellings wat in 2022 programme in CESM-groepe aangebied het wat buite CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie gevall het.



Figuur 8: Christelike privaat hoëronderwysinstellings se programme volgens die CESM-groepe (2009-2022)



Figuur 9: Christelike instellings: CESM-groepe wat buite CESM 17: Filosofie, Godsdienst en Teologie val (2009)



Figuur 10: Christelike instellings: CESM-groepe wat buite CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie val (2022)

Tabel 2: Christelike instellings wat in 2022 programme in CESM-groepe aangebied het wat buite CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie geval het

Christelike instellings wat in 2022 programme in CESM-groepe aangebied het wat buite CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie geval het	Aantal programme
Akademia MSW	22
Cornerstone Institute (RF) MSW	8
Helderberg College of Higher Education MSW	7
Akademiese Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) MSW	5
St. Augustine College of South Africa MSW	4
(Die) Afrikaanse Protestantse Akademie MSW	2
Cedar International Academy MSW	2

Auckland Park Theological Seminary	1
Hugenote Kollege MSW	1
St Joseph's Theological Institute MSW	1

Vanuit hierdie data-vergelyking kan die volgende afleidings gemaak word: Die Christelike instellings het slegs programme wat binne nege van die 20 CESM-groepe val. 'n Noemenswaardige persentasiegroei het in twee CESM-groepe plaasgevind, naamlik CESM 04: Besigheids-, Ekonomiese en Bestuurstudie ('n toename van 7,5% in programme), asook CESM 07: Opvoedkunde ('n toename van 6,7% in programme). 'n Radikale daling in persentasieprogramme is in CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie (-14,7%) waargeneem.

Met betrekking tot Christelike instellings in Suid-Afrika is dit belangrik om te bepaal watter programme buite die veld van Teologie aangebied word. Glanzer (2017:23) het in sy navorsing ook beklemtoon dat dit belangrik is om te onderskei tussen Christelike instellings wat slegs Teologiese programme aanbied en instellings wat buite die veld van Teologie programme aanbied, met die doel om insig te kry in Christelike wetenskapsbeoefening (*faith and learning*) en die benadering tot die modules wat in die programme aangebied word. Buiten Teologie was CESM 04: Besigheids-, Ekonomiese en Bestuurstudie (38%) en CESM 07: Opvoedkunde (30%) in 2022 die CESM-groepe waarin meeste van die Christelike programme aangebied is. Die 53 programme wat deur Christelike instellings aangebied word wat nie onder CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie val nie, word deur tien Christelike instellings aangebied, soos in tabel 2 voorgestel. Dit is opmerklik dat 55% van die programme wat buite die groep CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie val deur Afrikaans-Christelike instellings aangebied word, naamlik Akademia, Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (Aros) en die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA).

5. Gevolgtrekking

Die navorsing het 'n deeglike blik op die stand van Christelike hoër onderwys in Suid-Afrika gebied, met 'n spesifieke fokus op privaat instellings wat programme buite die veld van Teologie aanbied. Die bevindinge dui daarop dat die landskap van hoër onderwys in Suid-Afrika deur 'n komplekse samewerking van faktore gekenmerk word, insluitend die impak van privatisering. Die uitdagings wat privaat instellings in die gesig staar, die

feit dat hulle byvoorbeeld met sterk openbare instellings kompeteer en hul beperkte finansiële bronne noodsaak 'n mate van innovasie om gehalteopleiding te verseker. Die impak van staatsverval het egter 'n deur vir groei in die privaat hoëronderwyssektor geopen, waarvan die merkbare toename in die aantal privaat instellings oor die afgelope dekades 'n duidelike teken is. Hierdie toename bied 'n geleentheid vir Christelike hoër onderwys om sy plek binne die privaat sektor te vestig en ontwikkel.

Vanuit die analise van die data kan die volgende uitgelig word: Christelike hoër onderwys het tussen die 2009-2022-tydperk stelselmatig in terme van hul aanbod en daarmee saam ook hul programme gegroei. Christelike instellings het met betrekking tot hierdie aspekte egter nie so sterk soos sekulêre instellings in terme van hul aanbod en daarmee saam hul programme gegroei nie.

Wanneer egter nouer na die groei van CHI gekyk word, word die volgende duidelik: Skole wat slegs programme binne die CESM-groep 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie aanbied, het 'n afname van instellings asook programme tussen die 2009-2022-tydperk beleef. Indien die Christelike instellings ondersoek word wat buite die CESM 17 programme aanbied, word dit duidelik dat daar veral 'n gesonde groei in instellings maar ook aanbod van programme was. Tussen die 2009-2022-tydperk was daar veral 'n stewige groei in die areas van Besigheids-, Ekonomiese- en Bestuurstudie, asook Opvoedkunde. Dit is opmerklik dat 55% van die programme wat buite die groep CESM 17: Filosofie, Godsdiens en Teologie val deur Afrikaans-Christelike instellings aangebied word. Ten slotte blyk dit dat daar by die opkomende Christelike instellings, veral binne die privaat sektor, potensiële geleenthede vir groei en ontwikkeling is. Dit is des te meer die geval in die lig van die groot aanvraag na hoër onderwys in Suid-Afrika, wat die kapasiteit van openbare universiteite in die land ver oorskry.

Die navorsing is beperk tot die tydperk tussen 2009 en 2022, wat beteken dat langer-termyn-tendense buite hierdie periode nie in ag geneem is nie. Verder is die datastelle hoofsaaklik beperk tot die Registers van Privaat hoër onderwysinstellings. Verder is dokumentanalise as die primêre metode gebruik, wat 'n eenvormige perspektief bied. Toekomstige navorsing kan baat by die gebruik van gemengde metodes soos onderhoude, gevalle-studies en opname-data om 'n meer omvattende blik te bied.

Bibliografie

- ADAMS, J., KING, C. AND MA, N., 2010. Global research report. Africa. Leeds, UK: Evidence, a Thomson Reuters business.
- BENNE, R. 2001. *Quality with soul: How six premier colleges and universities keep faith with their religious traditions*. Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
- CLAASEN, G. 2024. Vas in die skaduwee van 'allerhoogste'. *Rapport*, 21 Jan. bl. 20.
- COLETTTO, R. 2010. Reformational institutions for higher education: Opinions and information. *Word and Action*, 50(413):9-14.
- DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING (DHET). 2022. *Register of private higher education institutions*. <https://www.studocu.com/en-za/document/boston-city-campus-and-business-college/check-if-uni-is-accredited-in-south-africa/register-of-private-higher-education-institutions-25-nov-2022/64097510>. Retrieved on 14 February 2024.
- DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING (DHET). CLASSIFICATION OF EDUCATIONAL SUBJECT MATTER (CESM). http://www.che.ac.za/sites/default/files/publications/CESM_August2008.pdf. Retrieved on 14 February 2024.
- DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING (DHET). 2023. Are we producing enough doctoral graduates in our universities? <https://www.dhet.gov.za/Planning%20Monitoring%20and%20Evaluation%20Coordination/Fact%20Sheet%20-%20Are%20we%20producing%20enough%20doctoral%20graduates%20in%20our%20universities%20-%20March%202023.pdf>. Retrieved on 18 November 2024.
- DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION (DHET). 2009. *Register of private higher education institutions*. <https://static.pmg.org.za/docs/091211privateeduregister.pdf> Retrieved on 14 February 2024.
- DIEDERICKS, M. 2019. The idea of a for-profit private Christian university in South Africa. *KOERS: Bulletin for Christian Scholarship*, (84):1.
- DIEDERICKS, M. 2022. Die invloed van denklyne van die Duitse universiteitsmodel op hedendaagse kwessies binne die universiteitswese. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(4):1-12.
- DUFF, S.E. 2006. *Head, heart and hand: The Huguenot Seminary and College and the construction of middle-class Afrikaner Femininity; 1873-1910*. Stellenbosch: University of Stellenbosch.

- DUVENHAGE, A., 2023. Patrone van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – 'n tendens-ekstrapolasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):804-835.
- ELOFF, I. 2017. Hoër onderwys: Private instellings al belangriker in SA. [<https://maroelamedia.co.za/huus/sa-nuus/hoer-onderwys-private-instellings-al-belangriker-in-sa/>] [Accessed 20 November 2024].
- GLANZER, P.L. 2017. Growing on the margins: Global Christian higher education; International higher education, (88):23-25. [doi: 10.6017/ihe.2017.88.9691](https://doi.org/10.6017/ihe.2017.88.9691)
- GLANZER, P.L., ALLEMAN, N.F. & REAM, T.C. 2017. Restoring the soul of the university: Unifying Christian higher education in a fragmented age. Downers Grove: InterVarsity Press.
- GLANZER, P.L., CARPENTER, J.A. & LANTINGA, N. 2011. Looking for God in the university: Examining trends in Christian higher education. *Higher education*, 61(6):721-755.
- HADEBE, N.M., 2017. Commodification, decolonisation and theological education in Africa: Renewed challenges for African theologians. *HTS Teologiese Studies / Theological Studies*, 73(3), a4550.
- INCHE. 2023. East and South Africa participants met for creating redemptive change agents initiative in Africa. Available at: <https://inche.one/news/2023/12/8/east-and-south-africa-participants-meet-for-creating-redemptive-change-agents-initiative-in-africa>. [Accessed 18 November 2024]
- QS WORLD UNIVERSITY RANKINGS. 2023. *Top universities in Africa 2023*. Available at: [<https://www.topuniversities.com/university-rankings-articles/world-university-rankings/top-universities-africa>] [Accessed 18 November 2024].
- REDDY, T. 2004. *Higher education and social transformation: South African case study. Report: Council on Higher Education*. chrome-extension://efaidnbmnnibpcajpcglclefindmkaj/<https://library.nwu.ac.za/sites/library.nwu.ac.za/files/files/documents/referencing-guide-2020b.pdf> Retrieved on 26 February 2024.
- SCOPUS. 2022. *Elsevier Scopus index: Research output by country*. Available at: [<https://www.elsevier.com/products/scopus>] [Accessed 18 November 2024].

- SPARROW, Y. 2021. Helderberg College of Higher Education is an educational institution of the Southern Africa Union Conference of Seventh-day Adventists. In *Encyclopedia of Seventh-day Adventists*. <https://encyclopedia.adventist.org/article?id=DDDR>
- STOKER, H.G. 1935. Stoker-werke 3.04. Waarom wil die P.U.K. vir C.H.O 'n Christelike universiteite wees? *Die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoer Onderwys: Raad van die PUK vir CHO*: 25-31.
- THERON, P.M. 2013. The impact of Christian higher education on the lives of students and societies in Africa. *KOERS: Bulletin for Christian Scholarship*, 78(1):1-8.
- VAN DEN BOSCH, M. 1990. *A history of Dordt College: The B.J. Haan years*. Sioux Center: Dordt College Press.
- VAN DER WALT, B.J. 2002. The challenge of Christian higher education on the African continent in the twenty-first century. *Christian Higher Education*, 1(2-3):195-227.
- VAN DER WALT, B.J. 2010. Wêreldwye belangstelling in Christelike wetenskapsbeoefening en Christelike hoër onderwys: Hoe Afrika daarby baat. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 1:111-132.
- VAN DER WALT, B.J. 2014. How and why the Potchefstroom University for Christian Higher Education became a secular institution: A personal analysis. *Journal for Christian Scholarship*, 50(3):13-48.